education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING (GRAAD 10-12)

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK (PAT)

GRAAD 12

2009

TOERISME

Kopiereg voorbehou

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

TOERISME

GRAAD 12

2009

RIGLYNE AAN ONDERWYSERS

Riglyne aan onderwysers bestaan uit 3 bladsye

Kopiereg voorbehou

INLEIDING

Assessering van die 17 Nasionale Kurrikulumverklaring vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n PAT in, m.a.w. 'n Praktiese Assesseringstaak. Hierdie vakke sluit in:

- LANDBOU: Landboubestuurspraktyk, Landbou Tegnologie
- KUNS: Dans studies, Ontwerp , Dramatiese Kuns, Musiek, Visuele Kuns (Optrede assesseringstaak)
- MSW: Lewensoriëntering
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieurgrafika en -Ontwerp , Meganiese Tegnologie

'n PAT stel die onderwyser in staat om direk en sistematies toegepaste bevoegdheid waar te neem en te monitor. Die PAT bestaan uit die toepassing/prestasie van die kennis, vaardighede en waardes eie aan daardie vak en tel 25% (m.a.w. 100 punte) van die totale bevorderings-/ sertifiseringspunt uit 400 vir die vak. In die twee Kunsvakke Ontwerp en Visuele Kuns, tel die PAT 37.5% (i.e. 150 punte) van die totale bevorderings-/ sertifiseringspunt uit 400 vir die vak.

Die PAT word gedurende die eerste drie kwartale van die skooljaar gedoen. Dit moet as een uitgebreide taak, wat in verskillende fases of 'n verskeidenheid van kleiner aktiwiteite opgedeel is, gedoen word. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR TOERISME

Die Praktiese Assesseringstaak behoort die leerders se begrip van die Toerismebedryf as 'n dinamiese ekonomiese sektor te toon. Dit moet die kennis, waardes en vaardighede wat leerders in Graad 10, 11 en 12 oor Toerisme as 'n multi-fasetbedryf opgedoen het, aanvul.

Dit moet geleentheid skep vir leerders om betrokke te raak by die lewe buite die klaskamer deur verskeie werklike wêrelduitdagings te ondersoek en lewensvaardighede te ontwikkel.

Beplanning van die taak

Die Praktiese Assesseringstaak in Toerisme word in die vorm van 'n projek (taak) gedoen. Leerders moet die PAT in die eerste drie kwartale voltooi volgens die tydraamwerk wat deur die skool en die distrik vasgestel word.

In alle afdelings van die taak sal leiding van die onderwyser benodig word. Die onderwyser kan gereelde periodes, bv. 'n dubbelperiode elke tweede week vasstel waar leerders aan die PAT onder sy/haar leiding kan werk. Die finale produk kan tuis voltooi word. Alle rofwerk en pogings vorm deel van die PAT en moet by die eindproduk ingesluit word. Alhoewel leerders ondersteuning en leiding nodig sal hê, moet hulle nietemin onafhanklike werksvaardighede en gewoontes ontwikkel sodat hierdie taak 'n weerspieëling van hulle eie vernuf en harde werk sal wees.

Die PAT vir 2009 vereis die beplanning van 'n toer in Suidelike Afrika. Daarom mag geen van die Formele Assesseringstake vir 2009 'n toerplan wees nie.

Die PAT vir Toerisme sal uit die volgende Assesseringstandaarde saamgestel word:

12.3.1 Die impak van wêreld tydsones op reisplanne
12.3.2 'n Toerplan wat by sekere toeristeprofiele pas
11.3.5 Die koopkrag van buitelandse valuta in verhouding tot die Suid-Afrikaanse Rand
12.3.5 Omskakelings van een geldeenheid na 'n ander
12.3.3 Raad/advies oor die volgende:
- Gesondheid en veiligheid
- Reis- en toelatingsdokumente benodig
- Doeanevereistes

10.1.1 Sektore in die Toerismebedryf – akkommodasie, vervoer, besienswaardighede
11.3.4 Redes waarom toeriste 'n provinsie besoek
11.3.3 SAOG lande as toeristebestemmings
10.3.1 Kaartleesvaardighede
10.3.2 Afstandstabelle tussen Suid-Afrika se hoofsentra

Bronne vir die taak

Die volgende bronne sal leerders help om die projek te voltooi:

- Enige 2007, 2008 of 2009 uitgawe van die GSA Reisbemarkingstydskrif
- 'n Padkaart van Suid-Afrika
- Aansoekvorms vir 'n Suid-Afrikaanse visum en paspoort
- Reistydskrifte, AA Reisgids, die wêreldtydsone-kaart wat in die telefoongids verskyn, advertensies, brosjures, ens.
- Vorige publikasies van die GSA Reisbemarkingstydskrif (wat maandeliks verskyn) kan teen 'n verminderde prys van GSA Marketing bestel word: telefoon 011 4425200; Faks 011 4427295; Posadres: Posbus 1542, Parklands, 2121 of besoek www.the-gsa.co.za

Leerders mag enige ander ekstra inligting versamel oor toeriste besienswaardighede by toerisme inligtingskantore, reisagentskappe en op die Internet. Ander bronne kan reistydskrifte, atlasse, die AA Reisgids ens. insluit.
Gesondheidsregulasies en inentingsvereistes om Botswana binne te kom, kan vanaf die Internet, die AA reisgids, reisklinieke of die Departement van Gesondheid, Privaatsak X828, Pretoria, 0001 (Tel. 012 325 5100)

verkry word. Aansoekvorms vir 'n Suid-Afrikaanse visum en paspoort, kan van die Department van Binnelandse Sake verkry word op hulle Internetwebwerf. (www.home-affairs.gov.za)

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

TOERISME

GRAAD 12

2009

OPDRAG AAN LEERDERS

Die opdrag aan leerders bestaan uit 9 bladsye

Kopiereg voorbehou

TOERISME GRAAD 12: PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 2009

1.

- Daar word van jou verwag om 'n uitgebreide toerplan te ontwikkel. Gebruik die onderstaande nligting wat in die gevallestudie gegee word.
- Die kriteria sowel as die puntetoekenning word in die opdrag vir elke fase gegee.
- Die taak moet in drie fases gedoen word, een fase in elk van die eerste drie kwartale.
- Die voltooide projek moet aan die einde van kwartaal 3 ingehandig word.

Bronne

Die volgende sal jou help met hierdie projek:

- Enige 2007, 2008 of 2009 uitgawe van die GSA Reisbemarkingstydskrif
- 'n Padkaart van Suid-Afrika en Botswana
- Aansoekvorms vir 'n Suid-Afrikaanse paspoort en visum
- 'n Rooster/program van die Sokker Wêreldbeker-wedstryde wat in Suid-Afrika in 2010 gaan plaasvind
- Ander bronne kan insluit: reistydskrifte, die AA Reisgids, die Wêreldtydsone-kaart in die telefoongids, inligting oor Nasionale Parke en Wildreservate in Suid-Afrika en Botswana, advertensies, brosjures, ens.
- Sluit in 'n volledige bronnelys aan die einde van die taak in deur die Harvard-metode te gebruik. Geen voetnotas word vereis nie.

Jy het onlangs begin werk as 'n toeroperateur vir 'n Suid-Afrikaanse maatskappy wat spesialiseer in kleiner toergroepe van buite Afrika. Jy gebruik net SAA vlugte.

Jy het die opdrag gekry om 'n 11-dae-lange toerplan vir 2010 vir twee jongmense in hulle vroeë twintigs te organiseer en SAAM met hulle op die toer te gaan. Hulle wil graag Suid-Afrika en Botswana se wildlewe sien en twee Sokker Wêreldbeker- wedstryde in twee verskillende provinsies van Suid-Afrika bywoon.

TOERISTE:

- 'n Manlike joernalis uit Parys, Frankryk, wat hou van wildlewe-fotografie.
- Sy vriend, ook 'n manlike joernalis uit Sao Paulo, Brasilië, stel ook belang in wildslewe.
  Albei is sokkergeesdriftiges.

Die twee toeriste sal onderskeidelik uit Parys en Sao Paulo vertrek. Hulle sal op OR Tambo Internasionale Lughawe land en op dieselfde dag 'n aansluitingsvlug neem na die eerste provinsie waar hulle hul eerste sokkerwedstryd sal bywoon.

Die toer kan in enige twee provinsies in Suid-Afrika plaasvind waar Sokker Wêreldbeker-wedstryde gespeel sal word gedurende hulle 6-dag verblyf in Suid-Afrika. Hulle sal ook Botswana besoek vir drie dae. Die eerste en laaste dag van hulle toer sal gebruik word vir reis tussen die plek van verblyf en die aankoms- en vertreklughawe. Hierdie is nie noodwendig dieselfde lughawe nie.

Jy sal 'n geskikte voertuig by die lughawe huur in die eerste provinsie wat besoek word om jou passasiers op die Suid-Afrikaanse gedeelte van die toer te vervoer. Die voertuig sal terugbesorg word by die lughawe waar die toergroep na Botswana vertrek. Jy sal die voertuig bestuur.

Die toeriste moet na Botswana vlieg.

Jou toerplan moet voorsiening maak vir jou kliënte om

- twee sokkerwedstryde in twee verskillende provinsies in Suid-Afrika by te woon.
- een Nasionale Park / Wildreservaat in elk van die twee provinsies in Suid-Afrika te besoek.
- op 'n wildslewe safari in Botswana te gaan.

Gebruik die volgende riglyn wanneer die toerplan saamgestel word:

Dag 1: Arriveer by OR Tambo Lughawe en reis na verblyfplek

Dag 2 – 6: Besoek twee provinsies in Suid-Afrika

Dag 7 – 10: Besoek Botswana

Dag 11: Keer terug na OR Tambo Lughawe vir terugreis huis toe

Kopiereg voorbehou

Fase 1

(Voltooi in kwartaal 1)

<table>
<tr><th></th><th>Kriteria</th><th>Beskrywing</th><th>Punte</th></tr>
<tr><td rowspan="2">1</td><td>1.1 Voorblad</td><td>Naam van maatskappy, jou naam (as die toeroperateur), datums van toer, name van kliente, naam van toer, vertrekbestemming en eindbestemming, ens. Kreatief. Geen spelfoute. (7)</td><td rowspan="2">(10÷2)
5</td></tr>
<tr><td>1.2 Tweede bladsy</td><td>Tweede bladsy met inleidingsparagraaf om die doel van die toer te verduidelik (3)</td></tr>
<tr><td>2</td><td>Toeristeprofiele</td><td>Stel 'n toerisprofiel vir elk van die twee lede van die groep saam.
• 'n Brasiliaanse man wat in sokker en wildlewe belangstel
• 'n Fransman wat in sokker en wildslewefotografie belangstel
Jy mag fiktiewe name en foto's uit tydskrifte gebruik.</td><td>(2 x 5)
10</td></tr>
<tr><td rowspan="2">3</td><td rowspan="2">Suid-Afrikaanse paspoort</td><td>Voltooi 'n paspoort-aansoekvorm vir jouself omdat jy saamgaan op die toer na Botswana. (4)</td><td rowspan="2">10</td></tr>
<tr><td>Lys die dokumente, fooie, ens. wat ingehandig moet word saam met die aansoek. (6)</td></tr>
<tr><td rowspan="2">4</td><td rowspan="2">Suid-Afrikaanse Visum</td><td>4.1 Noem die vereistes om 'n SA visum te verkry. (4)</td><td rowspan="2">8</td></tr>
<tr><td>4.2 Voltooi 'n aansoekvorm vir 'n visum vir die Brasiliaan. (4)</td></tr>
<tr><td rowspan="2">5</td><td rowspan="2">Vlugte na Suid-Afrika</td><td>5.1 Bestudeer vlugroosters in die GSA of op die Internet. Kies vlugte vanaf Parys en Sao Paulo.
Maak afdrukke van die twee vlugroosters en lig die vlugte uit wat jy gekies het. ("highlight") (4)</td><td rowspan="2">10</td></tr>
<tr><td>5.2 Lys die volgende vluginligting vir elk van die twee vlugte: (6)
Vlugnommers, aankoms- en vertrektye, bagasieregulasies</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Ontwerp instapkaart</td><td>Ontwerp 'n instapkaart vir een van die passasiers</td><td>6</td></tr>
<tr><td>7</td><td>Buitelandse valuta</td><td>7.1 Bestudeer die onderstaande vliegkaartjiepryse na Botswana.
<table>
<tr><th>Vanaf</th><th>Na</th><th>Prys (O/W) (E/R)</th></tr>
<tr><td>O.R Tambo Internasionaal</td><td>Sir Seretse Khama Internasionaal</td><td>2100</td></tr>
</table>
Bereken die totale retoerprys vir die twee toeriste.
Skakel die retoerprys vir die twee toeriste om vanaf Rand na EURO en REAL (2x2=4)
7.2 Maak afdrukke van 'n Rand-Euro en 'n Rand-Real valutaprys-tabel uit 'n koerant, 'n Buitelandse Valuta Bureau/Bank/Internet en sluit dit by die taak in. Dui die datum aan (jy mag die valutaprys wat op TV-nuus gegee word, neerskryf.) (4)</td><td>8</td></tr>
<tr><td>8</td><td>Internasionale tydsones</td><td>8.1 Bereken die tydsoneverskille tussen
• Sao Paulo en Suid-Afrika.
• Parys en Suid-Afrika. Wys alle berekeninge. Onthou (DBT) "DST" (2)
8.2 Bereken hoe laat dit in Suid-Afrika is wanneer die twee vlugte vanaf Parys en Sao Paulo onderskeidelik vertrek. (4)
8.3 Staaf jou inligting met 'n tydsonekaart waarop die vertrek- en aankomsstede aangetoon word. (4)</td><td>10</td></tr>
<tr><td>9</td><td>Stel 'n inligtingsboekie vir die twee toeriste saam om hulle voor te berei vir die besoek aan Suid-Afrika en Botswana.</td><td>9.1 Veiligheidsinligting: Wenke vir toeriste oor veiligheid in Suid-Afrika . (Lys ten minste 5) (5)
9.2 Gesondheidsinligting: Verpligte inentings, aanbevole inentings en moontlike gesondheidsrisiko's vir toeriste in Botswana. (Lys ten minste vier) (4)
9.3 Beskryf die invloed van tydsoneverskille op reisbeplanning. Verduidelik die konsep van vlugvoosheid, en hoe om die invloed van vlugvoosheid op die twee toeriste te verminder. (4)</td><td>33</td></tr>
</table>

		9.4 Addisionele inligting • Maak 'n collage oor skoene en klere wat ingepak moet word vir die sokker- en wildreservate of parke-toer. Doen die collage op 'n A4-bladsy en wys wat tipiese, huidige safari en sokkergeesdriftiges sal aantrek. (6) • Weerpatrone vir die provinsies wat besoek word (reënvalsyfers en gemiddelde min/maks temperature) (2) • Elektrisiteit / hoeveel volts word in beide lande gebruik? Sal die toeriste internasionale kragproppe nodig hê? (2) • Bankure en OTM-fasiliteite in albei lande (2) • Enige ander wenke om die twee toeriste vir hulle besoek na Suid-Afrika en Botswana voor te berei. (5) 9.5 Uitleg van boekie ; kreatief, goed deurdink, netjies (3)	
		Totaal	**100**

Fase 2
(Voltooi in kwartaal 2)

	Kriteria	**Beskrywing**	**Punte**
1	Roetebeplanning en roetekaart	Beplan 'n roete vir die Suid-Afrikaanse gedeelte van die toer op 'n padkaart van Suid-Afrika. Lees weer die opdrag oor die aktiwiteite wat by die toer ingesluit moet word voordat jy die roete beplan. (Jy mag eers 'n tydelike toerplan uitwerk en dit aan die einde van fase 2 finaliseer.) Gebruik 'n padkaart van Suid-Afrika waarop afstande op die kaart aangedui is. • Beplan en wys (met 'n gekleurde koki-pen) die roete wat gevolg word vanaf aankoms op dag een tot vertrek na Botswana op dag 7. Wys lughawe van aankoms en vertrek na en vanaf Suid-Afrika, dorpe waar oornag sal word, roetes na die wildreservate / parke en sokkerwedstryde en die lughawe wat jy gaan gebruik om na Botswana te reis. (10) • Bereken die geskatte totale afstand vir die Suid-Afrikaanse gedeelte van die toer. (2) • Die toerprogram/roete moet logies wees, daaglikse reisafstande moet realisties wees ('n afstand van ± 100 km neem ongeveer een uur) (3)	**15**
2	Verblyfinligting (Akkommodasie):	Kies ten minste een verblyfplek in elk van die twee provinsies en een in Botswana vir die toer. (Ten minste 3 plekke in totaal) Hierdie drie verblyfplekke moet op 'n kreatiewe manier aangebied word en moet die volgende inligting insluit: • Naam en ligging (1) • Tipe (1) • Tekeninge / prente / foto's (2) • Fasiliteite beskikbaar (2) • Pryse (geskatte pryse is aanvaarbaar) (1) • Redes vir keuse (2) • Ander interessante feite (3)	12 elk (3x12÷2) **18**

3	Toeriste besienswaardighede (wildreservate / parke) in Suid-Afrika	Versamel inligting oor een Nasionale Park / Wildreservaat in elk van die twee provinsies in Suid-Afrika wat besoek gaan word. Elke Nasionale Park/ Wildreservaat in Suid-Afrika moet op 'n aparte bladsy aangebied word en die volgende inligting moet ingesluit word: • Naam en ligging (2) • Tekeninge/prente/foto's (2) • Tipe park (verduidelik wat is in hierdie park aangetref word) (3) • Toegangsfooie na die park (geskatte pryse is aanvaarbaar) (2) • Fasiliteite beskikbaar (2) • Sluit ander interessante feite in bv. 'n kort geskiedenis van die park, aardrykskundige feite en enige ander spesiale kenmerke van die besienswaardigheid (4)	(2 parke 15 elk) **30**
4	Toeriste-aktiwiteite (Sokker Wêreldbeker-wedstryde in Suid-Afrika)	Soek inligting oor twee Sokker Wêreldbeker-wedstryde wat gekyk kan word - een in elk van die twee provinsies wat in Suid-Afrika besoek word. Verskaf die volgende inligting oor elk van die twee wedstryde • Naam van die stadion en die stad (2) • Uitstaande kenmerke van hierdie stadion, met tekeninge / prente/foto's van die stadion (4) • Die twee spanne wat in hierdie spesifieke wedstryde gaan speel en die land waarvandaan hulle kom (2) • Skryf 'n kort paragraaf oor die ligging van elk van die stadions met betrekking tot die omliggende infrastruktuur en besighede wat voordeel sal trek gedurende die wedstryde (4+4) • Pryse van kaartjies (geskatte pryse is aanvaarbaar) (1)	(2 wedstryde, 17 elk) 34÷2 **17**
5	Wildslewe safari in Botswana	Verskaf inligting oor die Nasionale Park / Wildreservaat in Botswana waar die toeriste 'n wildslewe-safari gaan ervaar. • Naam en ligging (2) • Tipe park (verduidelik die uitstaande kenmerke van hierdie park) (3) • Kort geskiedenis van die park (4) • Toegangsfooie na die park (geskatte pryse is aanvaarbaar) (2) • Fasiliteite beskikbaar (3) • Kort beskrywings van drie aktiwiteite waaraan die toeriste sal deelneem gedurende hierdie wildslewe-safari. Illustreer met prente/foto's (6)	**20**
		Totaal	**100**

Fase 3

(Die volledig voltooide projek moet ingehandig word teen die einde van kwartaal 3.)

	Kriteria	**Beskrywing**	**Punte**
1	Kulturele behoeftes van buitelandse toeriste	Doen navorsing oor maniere hoe om die kulturele behoeftes van die toeriste vanaf o Frankryk, en (3) o Brasilië aan te spreek (3) en om te verseker dat hulle welkom en op hulle gemak in Suid-Afrika voel. Kyk na die volgende: kos en drank, kleredrag, etiket , groetvorme en taal.	**6**

2	Dag-vir-dag reisprogram	Gebruik die templaat wat voorsien word as 'n riglyn om die reisprogram te beplan. Elke dag moet apart uiteengesit word. Verblyf, besienswaardighede en aktiwiteite moet slegs genoem word want hulle is reeds in fase 2 deeglik bespreek.	(2 elk vir dag 1 & 11=4) (4 elk vir dae 2 tot 10 = 36) **40**
3	Vervoerinligting	3.1 Kies 'n geskikte pakket met 'n geskikte voertuig vanaf enige van die motorverhuringsmaatskappye wat in die GSA-tydskrif adverteer. Sluit die volgende inligting in: o Maatskappy o Tipe voertuig o Wat alles in die voertuig aangetref word, bv. lugversorging (3) 3.2 Bereken die totale koste wat aan die motorverhurings-maatskappy betaal moet word vir die reis. Jy mag die templaat wat voorsien word, as 'n riglyn gebruik. • Motorhuur (Prys per dag x 6 dae) (2) • Koste per kilometer (Totale afstande gereis vir die Suid-Afrikaanse gedeelte van die toer – gratis kilometers per dag) (3) • Lughawe heffing (1) • Toerisme heffing (1) • SCDW (1) • Kontrakfooi (1) • STLW (1) • PAI (1) TOTAAL (1) Wys alle berekeninge.	**15**
4	Toerprys	Bereken die totale koste van hierdie toer vir die twee toeriste. Jy mag gebruik maak die templaat wat voorsien word as riglyn. Gebruik slegs Suid-Afrikaanse Rand. Sluit in : • Verblyf en etes by die verblyfplek • Etes / kos /drankies wat nie by die verblyfplek geneem word nie • Vervoer (Gebruik die inligting wat jy reeds het, maar tel die geskatte brandstofkoste by.) • Vermaak, aktiwiteite, toegangsfooie, onvoorsiene uitgawes • Ander, bv. inkopies (geskatte bedrag)	**14**
5	Buitelandse valuta	Skakel die totale begroting om vanaf ZAR na € en ZAR na BRL. Wys berekeninge. Gebruik die valuta prystabelle van fase 1.	(2x3) **6**
6	Kommunikasie	Jy, as toeroperateur, moet 'n reisdagboek skryf waarin jy elke dag verslag doen oor die gebeure tydens die toer. Skryf 'n denkbeeldige dagboekinskrywing vir EEN dag. Kies enige dag op die reisprogram en beskryf die gebeure, suksesse en probleme wat gedurende daardie dag ondervind is.	**10**
7	Voltooide projek / portefeulje	Inhoudsopgawe. Noem sistematies, met duidelike beskrywings, van elke afdeling, korrekte bladsynommers. Geen taal of spelfoute nie.(5) Bronnelys / Bibliografie: Lys apart, bv. • Boeke • Tydskrifte (bladsynommers en uitgawe van GSA) • Webtuistes besoek • Ander bronne Gebruik die Harvard-metode vir die bronnelys (5) Gebruik van geskikte terminologie soos in die toerismebedryf gebruik. (4) Professioneel, kreatief en logiese aanbieding. Baie netjies. (4)	(18÷2) **9**
		Totaal	**100**

3. MINIMUM TEMPLAAT VIR 'n REISPLAN

DAG: 1	DAG VAN DIE WEEK:	DATUM:
BESTEMMING VIR DIE DAG		
TYD	**AKTIWITEIT**	**ADDISIONELE INLIGTING**

VOORBEELD VAN 'n TYDSGEBONDE REISPLAN

DAG: 1	DAG VAN DIE WEEK: MAANDAG	DATUM: 11 JUNIE 2009
BESTEMMING VIR DIE DAG: JOHANNESBURG NA DURBAN		
TYD	**AKTIWITEIT**	**ADDISIONELE INLIGTING**
07:15	Vertrek vanaf O R Tambo Internasionale Lughawe na Durban	SA Express Vlug nommer SA1102 (ligte ontbyt sal op die vliegtuig bedien word)
08:30	Arriveer op Durban Internasionale lughawe	Hotel pendelbussie beskikbaar @ R25 pp (nie by toerprys ingesluit nie)
09:00	Boek in by Protea Hotel North Strand	Prys sluit slegs ABO ("DBB") in
09:00 – 10:30	Pak uit en verken strand area naby hotel	
10:30 – 13:00	Begeleide toer na Indiese Mark. Jou toergids sal jou in die hotel se voorportaal ontmoet. Vervoer sal voorsien word. Inkopiegeleentheid	• Ingesluit in die toerprys • Operateur: Indian Tours Inc. • Dra stapskoene
13:00	Middagete by Ocean Basket (Esplanadeweg 1234, Marine Parade)	• Ingesluit in die toerprys • Geen alkohol word bedien of is toelaatbaar nie • A la carte-spyskaart
14:30 – 17:30	Begeleide toer na uShaka Marine World & vryetyd (wateraktiwiteite / inkopies)	Toegangsfooie ingesluit.
17:30 – 19:00	Vryetyd en ontspanning – verken area naby hotel	
19:00 – laat	Aandete – hotel restaurant. Optrede deur 'n" orkes en dans op die terras/stoep	• Ingesluit in toerprys • Semi-formeel (geen jeans/kortbroeke)

5. TOERBEGROTING TEMPLAAT (14)

Aanbeveling: Bereken eers die individuele kostes van die onderafdelings voordat die finale begroting bereken word.

Verblyfbegroting (per nag)

Verblyf en etes by die plek van verblyf	Berekeninge	Totaal
Verblyf 1		
Verblyf 2		
Verblyf 3		
	TOTAAL	

Reisbegroting (sluit alle vervoer in wat gedurende die toer gebruik is)

Vervoer tipe	Berekeninge	Totaal
Vlugte		
Motorhuur		
Brandstofonkoste		
	TOTAAL	

(4)

Ander

Item	Berekeninge	Totaal
Etes / kos /drankies wat nie by die plek van verblyf ingesluit is nie		
Vermaak		
Toegangsfooie		
Onvoorsiene uitgawes		
Inkopies en geskenke		
	TOTAAL	

(6)

TOTALE KOSTE VAN DIE TOER

Item	Totaal
Verblyf	
Vervoer	
Ander	
TOTAAL	

(4)

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

TOERISME

GRAAD 12

2009

Kriteria vir Assessering

NAAM VAN LEERDER: …….. GRAAD 12 …

PUNTE:

PAT KWARTAAL 1 100	PAT KWARTAAL 2 100	PAT KWARTAAL 3 100	TOTAAL 300	%

Kopiereg voorbehou

Fase 1

(Voltooi in kwartaal 1)

Vraag		Antwoord	Punte	
1	Voorblad	Naam van maatskappy√, naam van toeroperateur√, datums van toer√, name van kliënte√, naam van toer√, vertrekbestemming en eindbestemming√, kreatief√	7	10 ÷2
		Aparte tweede bladsy met inleidingsparagraaf wat die doel van die toer duidelik uitspel.	3	**5**
2	Toeriste profiele	Twee profiele, minimum 10 feite elk. Uitleg en beskrywings uitstekend. √	5 elk	**10**
3	SA paspoort	Aansoekvorm vir 'n SA paspoort vir jouself korrek voltooi.	4	
		Onderwyser moet memo opstel met 6 feite	6	**10**
4	SA visum	4.1 Vereistes: Noem ten minste 4 feite	4	
		4.2 Aansoekvorm vir 'n visum vir die Brasiliaanse man korrek voltooi.	4	**8**
5	Vlugroosters	Vlugte gekies uit vlugroosters wat ingesluit is. Relevante vlugte uitgelig ("highlighted") en vlugnommers neergeskryf.	4	**10**
		Lys van vluginligting.	6	
6	Instapkaartjie	Instapkaart vir een van die passasiers. Ten minste 2 feite.	12÷2 = 6	**6**
7	Buitelandse valuta	Korrekte bewerking en antwoord vir omskakeling van vliegkaartjiepryse vanaf ZAR na EUR en BRL.	2x2 = 4	**8**
		'n Rand-Euro valuta prystabel uit 'n koerant, 'n Buitelandse Valuta Bureau/Bank/Internet ingesluit. Relevante prys uitgelig ("highlighted"). Datum aangedui.	4	
8	Internasionale tydsones	8.1 Berekeninge van tyd verskille tussen stad van vertrek en stad van aankoms	2	
		8.2 Tyd in SA wanneer vanaf Parys en Sao Paulo vertrek word.	4	**10**
		8.3 Tydsonekaart wat stede van vertrek en aankoms aandui.	4	
9	Inligtingsboekie	9.1 Veiligheidsinligting vir reis na Suid-Afrika. Verduidelik ten minste 5 relevante sake.	5	**33**
		9.2 Gesondheidsinligting vir reis na Botswana. Lys alle relevante inligting. Sluit drinkwater en inentings in.	4	
		9.3 Vlugvoosheid Verduidelik invloed van tydsoneverskille op reisbeplanning (lengte van vlug, tyd verloor / bygekry, gedurende vlug – gebruik vertrek- en aankomstye). Vlugvoosheid goed verduidelik. Raad om vlugvoosheid te verminder.	4	
		9.4 Addisionele inligting • Collage oor safari en avontuur uitrustings: klere is tipies en huidig√√, winter√, skoene√, kreatiwiteit√√ (6) • Weer. Tyd van die jaar in aanmerking geneem. Korrekte geskatte reënvalsyfers en min/maks temperature vir area (2) • Elektrisiteit / volts: Suid-Afrika en Botswana Kragproppe: Suid-Afrika en Botswana (2) • Bankure en OTM beskikbaarheid: Suid-Afrika … Botswana… (2) • Enige ander vyf relevante wenke (5)	17	
		9.5 Uitleg van boekie: Kreatief, goed georganiseerd, netjies	3	
			Totaal	**100**

Fase 2

(Voltooi in kwartaal 2)

Vraag		Antwoord	Punte	
1	Roetekaart	Die Suid-Afrikaanse afdeling van die toer is aangedui op 'n padkaart van Suid-Afrika. Roete vanaf aankoms in Suid-Afrika tot vertrek na Botswana is duidelik aangedui. • Lughawens van aankoms en vertrek • Drie plekke / dorpe van verblyf • Roete na wildreservaat / parke in twee provinsies • Roete na sokkerwedstryde • Roete na lughawe vir vertrek na Botswana (10) • Bewerking van die geskatte totale afstand wat afgelê gaan word gedurende die Suid-Afrikaanse gedeelte van die toer (2) • Bewyse dat roete logies en betekenisvol beplan is. Nie te ver op enige dag gery nie, geen onnodige heen en weer ryery nie (werk op 100 km per uur) (3)		**15**
2	Verblyf-inligting	Drie plekke van verblyf kreatief aangebied en word as volg geassesseer: • Naam en ligging (1) • Tipe (1) • Tekeninge/prente/foto's (2) • Fasiliteite beskikbaar (2) • Pryse (Geskatte pryse aanvaarbaar) (1) • Redes vir keuse (2) • Ander interessante feite (3)	12 elk	3x12 ÷2 **18**
3	Nasionale Parke in Suid-Afrika	Bied elke Nasionale Park op 'n aparte bladsy aang en sluit in die volgende inligting in: • Naam en ligging (2) • Tekeninge/prente/foto's (2) • Tipe park (verduidelik wat in hierdie park aangetref word) (3) • Toegangsfooie (geskatte pryse aanvaarbaar) (2) • Fasiliteite beskikbaar (2) • Ander interessante feite bv. kort geskiedenis van park, geografiese kenmerke, ander uitstaande kenmerke van die besienwaardigheid (4)	15 elk	**30**
4	Sokker-wedstryde	Die volgende inligting oor elke sokkerwedstryd • Naam van die stadion en die stad (2) • Uitstaande kenmerke van die stadion, met tekeninge/prente/fotos van die stadion (4) • Name van die twee spanne wat in hierdie spesifieke wedstryd gaan speel, en hulle land van herkoms (2) • Kort paragraaf oor elk van die twee stadions. Leerders moet ligging, vervoernetwerke, verblyffasiliteite, elektrisiteit, riolering & kommunikasienetwerke bespreek. Plaaslike besighede soos aandenkingwinkels, spesialiteitswinkels, informele vlooimarkte, verblyfplekke, eetplekke ens. moet genoem word. (4+4) • Pryse van kaartjies (geskatte pryse is aanvaarbaar) (1)	2x17 34÷2	**17**
5	Wildlewe-safari in Botswana	Die volgende inligting oor die Nasionale Park / Wildreservaat in Botswana waar die toeriste 'n wildslewe-safari sal ervaar, is gegee: • Naam en ligging (2) • Tipe park (verduidelik die uitstaande kenmerke van hierdie park) (3) • Kort geskiedenis van die park (4) • Pryse (geskatte pryse is aanvaarbaar) (2) • Fasiliteite beskikbaar (3) • Kort beskrywings van drie aktiwiteite waaraan die toeriste sal deelneem gedurende hierdie wildlewe safari. Illustreer met prente/foto's (6)		**20**
		Totaal		**100**

Fase 3

(Die voltooide projek moet ingehandig word teen die einde van kwartaal 3.)

Vraag		Antwoord			Punte	
1	Kulturele behoeftes van Franse en Brasiliaanse toeriste	Verskaf uitstekende diens deur toeriste se behoeftes en wense in ag te neem. Voorsien soveel geleenthede as moontlik. Beskryf hoe jy hierdie behoeftes in die toerbeplanning sal insluit. Beskryf kos- en drank voorkeure en gewoontes Verduidelik manier van groet Ses relevante feite, 1 punt elk				**6**
2	Dag-vir-dag reisprogram	Elke dag is apart uiteengesit, soos aangedui op aangehegde templaat op met die volgende inligting ingesluit: • Hoe/waar elke dag begin • Verblyf • Etes vir die dag (waar en wanneer) • Hoof besienswaardighede en aktiwiteite vir die dag • Ontspanningstyd (vryetyd) en inkopies (maak aanbevelings) • Vervoerbesonderhede (bv. vlug, pad, hotel pendelbussie) (Plekke van verblyf, besienswaardighede en aktiwiteite moet slegs genoem word, want dit is reeds in detail behandel in fase 2) (Sien aangehegde voorbeeld)			2 punte elk vir dag 1 en 11 = 4 4 punte elk vir dae 2 tot 10 = 36	**40**
3	Motorverhurings maatskappy: Pakket gekies	• Maatskappy, tipe voertuig, kenmerke ingesluit in voertuig (3) Die totale koste betaalbaar aan die motorverhuringsmaatskappy vir die toer: • Motorhuur (Prys per dag x 6 dae) (2) • Kilometerprys (Totale afstand gereis vir die Suid-Afrikaanse gedeelte van die toer – gratis kilometers per dag) (3) • Lughaweheffing (1) • Toerisme heffing (1) • SCDW (1) • Kontrakfooi (1) • STLW (1) • PAI (1) • TOTAAL (1) Wys alle berekeninge				**15**
4	Toerpryse	Sien aangehegde templaat				**14**
5	Buitelandse valuta	Valutaprys aangedui vir spesifieke datum: Omskakeling van totale begroting vanaf ZAR na € (3) Valutaprys aangedui vir spesifieke datum: Omskakeling van totale begroting vanaf ZAR na BRL (3)				**6**
6	Kommunikasie	8 - 10	5 - 7	0 - 4		**10**
		Uitstekende skryfvaardighede. Interessante aanbieding oor wat gedurende die dag gebeur het, suksesse en probleme is uitgelig.	Gemiddelde skryfvaardighede. Redelik maklik om te volg, maar nie baie interessant nie. Gemiddelde beskrywing van hoogtepunte van die dag.	Swak skryfvermoë. Nie interessant nie. Moeilik om te volg. Baie spelfoute.		
7	Inhoudsopgawe	Sistematies gelys√ met duidelike en korrekte bladsynommers√ Kom ooreen met werklike bladsynommers√ Geen spelfoute / taalfoute√			4	24÷2= **12**
	Bronnelys	Groot verskeidenheid van bronne is gebruik. (Webtuistes is besoek, bladsy-nommers in GSA, brosjures, advertensies, ens.) Gebruik Harvard-metode			5	
	Taal	Uitstekende taalgebruik. Geskikte terminologie soos dit in die toerismebedryf gebruik word. Geen spelfoute en taalkundige foute.			5	
	Aanbieding van projek	(Sal toeriste motiveer om op hierdie toer te gaan) Kreatief en oorspronklik (2) Baie netjies (2) Professionele voorkoms en goed uiteengesit (2)			6	
				Totaal		**100**

Kopiereg voorbehou